Skriflesing: Matteus 7:7-12
Tema: Gebed werk!

"Vra" is 'n woord wat sê: ek kom met leë hande, ek bring niks, ek kan niks koop nie en ek verdien ook niks nie. Ek kom vra soos bedelaar. As sy kinders vra ons vol afwagting by ons Vader wat oneindig ver bo ons verhewe is, maar ons ook oneindig baie liefhet.

"Soek" is 'n woord wat beteken om met die dringendheid, met groot begeerte en behoefte te soek. Soos om jou motorsleutel te soek terwyl jy lankal al oppad moes wees werk toe.

"Klop" is 'n woord wat beteken om as 'n hulpelose te kom wat daarop aandring om binnegelaat te word en wat weier om weg te gaan voordat toegang verleen is.

Die oorspronklike Grieks kan ons ook vertaal met: "Hou aan met vra; hou aan met soek en hou aan met klop"
Mense vra soms: “Hoeveel keer mag ek oor dieselfde ding met die Here praat?” Die Here beklemtoon dat ons met volharding kan en moet vra. Ons moet bid sonder om moeg te word.

Waarom is die volhardende vra, soek en klop so belangrik? Want ons Vader vreugde vind in sy kinders wat hul afhanklikheid van Hom bely. Wanneer ons voor Hom buig bely ons dat ons niks is en niks kan doen sonder Hom nie. Hy wil ook weet of wat sy kind vra, nie net 'n gier is nie, maar 'n ernstige gebedsversoek.

As ons ryk wil wees in wat vir God belangrik is, sterk in die geloof, vol van liefde, Jesus-gelykvormig en vrymoedige getuies, as dit ook vir ons wesens belangrik is, dan moet ons aanhou bid, soek en klop en daarop volg dan ‘n Goddelike belofte: "Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal kry; klop, en vir julle sal oopgemaak word..." (Matteus 7:7).

Dit is asof Here weet dat dit vir ons te wonderlik sal klink om waar te wees, daarom beklemtoon Hy nog 'n maal: "Want elkeen wat vra, ontvang; en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word" (Matteus 7:8).
Die Seun van God gee twee maal die drie-dubbele waarborg dat God 'n hoorder en verhoorder van gebed is!

Hy is nie selfsugtig of suinig nie. Hy is ons liefdevolle Vader wat verstaan, omgee en help.

Hy wil graag sy biddende kinders met sy gawes bederf. Jesus vra: "Watter mens onder julle sal vir sy seun 'n klip gee as hy brood vra, of 'n slang as hy vis vra?" (Matteus 7:9-10.)
Geen aardse vader of moeder sal so iets doen nie. Dit is ongehoord. "As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemel is, goeie gawes gee aan die wat dit van Hom vra?" (Matteus 7:11.)

Ons hemelse Vader wat, anders as ons, volmaak goed is, wil vir elkeen van ons seën met sy oorvloed. Hy is die hoorder en verhoorder v gebed.

As ons gebede nie verhoor word soos ons dit wil hê nie, lê die fout nie by God nie! Daar is meer redes, maar as ek die Bybel reg verstaan, hoofsaaklik twee redes waarom my gebed nie verhoor word soos ek dit wil nie. Of die fout lê by my of dit wat ek vra is nie God se wil vir my nie. Hoe moet ons weet watter een van die twee dit is? Dit is iets wat elkeen van ons self met God moet uitklaar. Ongelukkig kies ons gewoonlik die eerste rede.
Dit kan wees dat die fout by my lê.

Ek kan nie verwag dat my hemelse Vader moet doen wat ek vra as ek weier om te doen wat Hy vra nie. In Jesaja 59:1-2 lees ons: "Die arm van die Here is nie te kort om te help nie en sy oor is nie te doof om te hoor nie. Dit is julle oortredinge wat skeiding gebring het tussen julle en julle God, dit is julle sondes wat maak dat Hy... nie na julle wil luister nie"
Die probleem kan ook my eie twyfel wees. "[6]Maar 'n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie, want iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word. [7-8]So 'n mens wat altyd aan die twyfel is en onbestendig is in al sy doen en late, moet nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie." (Jakobus 1:6-8)
Of dalk is gebed my inkopielysie om net te kry wat ek wil hê. In Jakobus 4:2b-3 lees ons: Julle kry nie, omdat julle nie bid nie. [3]As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig."

Die tweede rede waarom God nie altyd antwoord soos ons wil nie, is omdat Hy weet wat die beste vir ons is.
Jesus het in tuin van Getsemane in doodsangs drie maal dieselfde gebed gebid: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil." (Matteus 26:39)
Natuurlik het God sy Seun se gebed gehoor. Maar vandag is ons as sy verloste kinders dankbaar dat Hy nie Jesus se gebed verhoor het soos Hy gebid het nie. Dit moes vir Hom verskriklik wees, maar dit was nie sy liefdesplan vir ons nie.

Paulus het dit ook ondervind. Hy het 'n probleem gehad; 'n doring in die vlees wat hy 'n boodskapper van die Satan om my met vuiste te slaan, noem. Hy sê hy het die Here drie maal gebid om hom van hierdie doring te verlos. Die Here het gehoor en geantwoord, maar "Nee" gesê: "My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is" (2 Korintiërs 12:9).

Ons Vader verbind Hom tot gebedsverhoring, en Hy belowe: "Dat Hy goeie gawes sal gee aan die wat dit van Hom vra." (Matteus 7:11)
Lukas 11:13 is baie duidelik oor die eerste goeie gawe wat Here vir ons gee: "As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee die Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal die Heilige Gees gee vir dié wat vra."

Goeie gawes is ook al dié dinge wat sy Seun ons in die ons Vader gebed (Matteus 6:9-13) geleer het om te vra. Gebed begin by aanbidding, die erkenning van die grootheid van God.
"Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word;
[10]laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel."

Daarna nooi Hy ons uit om in afhanklikheid ons behoeftes voor Hom te lê:
"[11]Gee ons vandag ons daaglikse brood;
[12]en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree;
[13]en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose."

En as ons ná gebed uit ons binnekamer kom, laat God ons na ons naaste gaan. Jesus gee vir ons die opdrag: "só is julle Vader. Hy oorlaai julle elke dag met goeie gawes – gaan deel dit uit."
Hy seën ons as bidders om sy goue reël te gaan uitleef: "Alles wat julle wil hê dat mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen."
Op my eie sal ek ook dit nooit regkry nie. Daarom bid ek gedurig dat God dit, deur my, sal doen.
Amen